NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb inteken op Verskil / Kanselleer asb my intekening op Verskil

- **Webblad:** http://noordsin.ngkerk.net
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/

02 April 2021: Nr 11/2021

BELANGRIKE KENNISGEWING:
Die volgende uitgawe van Verskil sal op 16 April verskyn.

Warmnuus

❖ Wet op die beskerming van persoonlike inligting

WET OP BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING
Wet no. 4 van 2013

PROTECTION OF PERSONAL INFORMATION
Act 4 of 2013

Handleiding spesifiek vir gebruik deur gemeentes (Kerkkantore)

Gustav Claassen, Algemene Sekretaris skryf:
"Die Argivaris en Aktuarius het opdrag gekry om 'n handleiding saam te stel oor die hantering van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, die sogenaamde POPI-wet (bekend as POPIA).
Die handleiding is nou op die Algemene Sinode se webwerf beskikbaar. KLIK HIER om die handleiding af te laai.

Neem asseblief kennis van die volgende:

• Dit is die eerste uitgawe van die handleiding. Gebruik dit asseblief as 'n werkdokument en lewer kommentaar of rig navrae aan: Dr Andrew Kok (argief@kaapkerk.co.za) of Dr Dewyk Ungerer (dewyku@iafrica.com).
• Die handleiding is spesifiek vir gebruik deur gemeentes (kerkkantore) saamgestel. In April 2021 sal daar ook 'n handleiding aan sinodale kantore beskikbaar gestel word.
• Die handleiding sal ook aan sinodale kantore gestuur word vir verspreiding in elke sinodale gebied.
• Neem kennis: Die regulasies bepaal dat elke gemeente voor einde Maart 2021 'n inligtingsbeampte by die Inligtingsreguleerder moet registreer. Ons het kennis gekry dat hierdie proses eers uitgestel is. Sodra ons 'n finale datum het, sal ons dit aan gemeentes kommunikeer. Moet dus nie nou die gemeente se inligtingsbeampte probeer registreer nie.
• Alle dokumente is beskikbaar by **https://www.kerkargief.co.za/inligtingswet/#popia**."

Sinodenuus

❖ Belangrike datum

Sondag 4 April : Dag van Danksegging en Verootmoediging

❖ Tekslees met 'n verskil

Dinsdag ***06 April*** om 11:00
Skriflesing: **Eksodus 15**
Zoom uitnodiging: Join Zoom Meeting [Kliek hier]; **Meeting ID**: 921 9767 1478; Password: 453371
Kontak Fanie Cronjé (083 415 1452) of **Kobus Mybrugh** (083 227 7185) vir navrae.

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Afskeid/Bevestiging

<<< Marius Cornelissen [**Raslouw**] emeriteer. Hy ontvang sy Akte van Emeritaat op ***4 April*** en lewer sy afskeidspreek.

<<< Hendrik Lamprechts [**Wespoort**] word vir 'n verdere termyn as **kontrakleraar** op ***4 April*** bevestig.

❖ Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar:

08/04 Louis van Deventer [Emeritus, 082 567 0945, louisvand@absamail.co.za]
Rinus Wassermann [Kerk-in-Suid, 082 447 8427, rinuswassermann@gmail.com]
15/04 Fanie Cronjé [Riviera-Jakaranda, 083 415 1452, sicronje@mweb.co.za]
George Hugo [Waterkloofrif, 082 461 1153, gjhugo7@gmail.com]
Willie Korb [Moregloed, 084 485 9245, willie.korb@gmail.com]
16/04 André Botha [Naboomspruit, 079 516 7641, dsanbotha@gmail.com]

05/04 Petro van Beek [Pietersburg-Moeder, 083 265 1118, wynievbeek@gmail.com]
06/04 Marius Ferreira [Waverley, 082 895 6062, bettie@3006.co.za]
09/04 Grieta Janse van Vuuren [Emeritus, vanvuurenpiet@gmail.com]
15/04 Gerda Swart [Emeritus, snowy.swart@gmail.com, 084 206 2049]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae: Baie geluk!

Messina: 07/04/1935
Kameeldrif: 13/04/1956
Piet Potgietersrust: 14/04/1917
Quaggapoort: 15/04/1944
Pietersburg-Oos: 17/04/1967
Queenswood: 17/04/1947

Excelsus

❖ 2021 Lentekonferensie: Datum is vasgemaak!

Vanjaar se Lentekonferensie se datum is ***14 - 16 September***.
* Indien die Lentekonferensie volledig aanlyn aangebied word, sal dit weer oor die hele week, van Maandag tot Vrydag versprei word.
* Die tema en program sal binnekort bekend gestel word.

❖ Jaarprogram

Kliek hier en teken die datums aan en kyk uit vir die bekendstellingsmateriaal. **Vir navrae** kontak Rika by excelsus@up.ac.za.

❖ VBO-Forum

VBO-Forum & **Sinode Oos-Kaapland** bied die aanlyn kursus aan:
Kollektiewe trauma - *Vanuit isolasie en verwydering na tuiskom en konneksie.*
Datums: ***08, 15, 22 April*** en ***6 Mei 2021*** (10:00-12:00) daagliks.
Aanbieder: Hanna Kotze, met insette deur ander kundiges.
Vir meer inligting oor die aanbieder en die uitkomste, **kliek hier**.
Skryf in: **https://forms.gle/EJpuGERpXZeZnpmEA**

❖ Kursusse/werkwinkels

Aanlyn sertifikaatkursus in Bedieningsvernuwing – **Dink nuut oor jou bediening**
12 April (9:00 – 16:00), ***13 April*** (9:00 – 16:00), ***14 April*** (9:00 – 13:00)
Tema: Wie is God? Die Godsvraag is een van universele kwessies wat mense van alle tye besig hou. In ons tyd met sy sterk beklemtoning van wetenskaplike rasionaliteit word hierdie vraag met nuwe dringendheid gestel. In hierdie module word die Christelike Godsbeskouing en die implikasies daarvan vir ons lewe en bediening onder oë geneem.
VBO-punte: 30
Inskrywing: https://forms.gle/4HTkhFWbgGeJ3Sjd8
Sluitingsdatum: 8 April 2021
Kliek hier vir die volledige uitnodiging

Werkswinkel: Opleiding van Begeleiers van 'n Bedieningsdiagnose in Gemeentes - Excelsus gaan in die volgende jaar 'n reeks **werkswinkels** op verskillende plekke aanbied waar predikante en ander gemeenteleiers opgelei word as begeleiers van 'n **Bedieningsdiagnose in gemeentes**. [Kliek hier vir die volledige uitnodiging].
13 – 14 April. Dag 1 09:30 – 17:00; Dag 2 08:30 – 12:30
Aanbieder: Malan Nel
Plek: Gemeente Sentrum, NG Gemeente Stellastraat
Inskrywing geskied deur middel van Google Forms:
https://forms.gle/ZAN2J7ioymLjv59o9
Sluitingsdatum: *8 April*.
VBO-punte: 10

Aanlyn werkswinkel: Kom ons lees die Ou Testamentiese profete
20-21 April, 09:00-16:00
Aanbieder: André Bartlett
Inskrywing geskied deur middel van dié aanlynvorm:
https://forms.gle/pUsuetqk3Mp9eMsX6
Sluitingsdatum: *15 April*
VBO-punte: 25
* Lees die volledige advertensie **hier**.
.

Ander nuus

❖ Vakatures

Mootvallei – **Koster**
Persone wat aan die vereistes voldoen, word genooi om aansoek te doen deur 'n opgedateerde CV met ten minste 2 opvolgbare verwysings, by die kerkkantoor in te dien teen 12:00 *12 April*: * 68 jaar oud of jonger wees (aftree-ouderdom is 70 jaar). * Moet bereid wees om ongereelde ure te werk, Sondae en dikwels na-ure (ander ure is fleksietyd). * Eie betroubare vervoer. * Kan inpas by die NG Kerkkultuur. * Beskikbaar vr diensaanvaarding ***1 Mei***; * Posbeskrywing is by die kantoor beskikbaar.
Navrae: Kantoor tel 012-335 0611 / e-pos kerkkantoor@ngmootvallei.co.za.

❖ Aflos preekbeurte

Die skriba van **Groot Marico** skryf: "Ons soek na predikante wat bereid sal wees om aflosdienste by ons te kom hou. Ons beskik nie tans oor 'n leraar nie a.g.v finansiële stremming. Ons bestaan uit 77 lidmate waarvan 80%

pensionarisse is en 20% middeljariges wat hard werk met straatmarkte en allerlei verkope om fondse te in vir die kerk."
* Belangstellendes kan Elna Swart kontak by ngkmarico@gmail.com of 014-503 0110.

- **Kerkbode**

  Word 'n vriend van Kerkbode - Vir meer inligting **kliek hier** of kyk na die **video** wat die boodskap opsom.

  Vakatures: **Kliek hier** vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

Naskrif